*Redaksioneel / From the Editor*

## TER BEKENDSTELLING

### *Waarom nog 'n tydskrif?*

Aan vaktydskrifte op die gebied van die teologie ontbreek dit nie in Suid-Afrika nie. Tot dusver het die Bybelkunde-student dank= baar gebruik gemaak van die be= skikbare publikasies. Hy en sy mede-student in die teologie is immers albei besig met 'n onder= soek van die Skrif en beweeg in wese op dieselfde studieterrein. Wel is die Bybelkunde-student hoofsaaklik toegespits op die gebied van die Ou en Nuwe Tes= tament en die Sistematiek. Verder is hy (nog) nie besig met professionele opleiding vir die bediening in 'n spesifieke kerk nie. Hy bestudeer die vak ge= woonlik in die kader van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte saam met kollegas uit 'n verskei= denheid van kerklike denominasies. 'n Groot deel van hulle is besig met voorbereiding vir die onder= wysberoep of 'n verskeidenheid van ander nie-kerklike loopbane. Daarom is die vereistes wat vir die aanbieding van die vak gestel word, anders: die veld moet in 3 i p v 6 of 7 jaar gedek word (wat 'n meer kompakte en inten= siewe aanpak vereis) en taalver= eistes geld gewoonlik eers op nagraadse vlak.

Hierdie omstandighede stel beson= dere eise aan die Bybelkunde-student en vra veral 'n wetenskap= like benadering tot sy vak. Hy word gedwing om hom akademies te verantwoord teenoor mede-studente wat met opleiding in die natuur= wetenskappe of humaniora besig is. Dit beteken dat Bybelkunde nie in isolasie bestudeer kan word nie, maar steeds in wisselwerking met ander terreine van die wetenskap. Aan die Bybelkunde-student stel dit die boeiende uitdaging om 'n Bybelse perspektief op die werk= likheid en die vraagstukke van die dag te vind. Hierdie uit=

## INTRODUCING *SCRIPTURA*

### *Yet another journal?*

Theological journals - of all kinds and formats - do not appear to be an endangered species in South Africa. Up to now the stu= dent of Biblical Studies grate= fully made use of existing publi= cations. He and his colleague who reads theology are in fact both engaged in a study of the Bible and find themselves covering very much the same ground. One difference is that the student of Biblical Studies concentrates on the Old and New Testament and Biblical Theology (or Systematics). He is also usually not (or at least not yet) preparing himself to enter the ministry of a specific denomination. Normally he studies the subject as part of a humanities course under the auspices of the arts faculty, in a non-denomina= tional setting. He will enter the teaching profession or any number of "secular" careers. All these factors have an influence on the way Biblical Studies is presented as a university subject. The field has to be covered in 3 instead of the 6 or 7 years allocated for theological training. This calls for a more concentrated and inten= sive approach. Knowledge of Bib= lical languages is usually re= quired only on post-graduate level.

Under these circumstances, special demands are made on the student of Biblical Studies. It calls for a scientific approach to his subject. He must give account of himself in an academic world which he shares with students in the sciences and humanities. Biblical Studies can= not be studied in isolation, but only in dynamic interaction with other fields of science. Its students are therefore faced with the fascinating challenge to find a biblical perspective on reality and the issues of the day. This challenge has an even wider scope -

daging strek nog verder, want dit is hierdie student wat 'n groot invloed gaan uitoefen op die ont=wikkelende kind se verstaan en hantering van die Bybel. Dit is hy wat as gewone lidmaat 'n be=langrike rol te speel het in die aktiwiteite van die plaaslike kerk. Dit is hy wat as lid van die samelewing langs Bybelse rig=lyne antwoorde sal moet soek vir die kwellende vraagstukke van ons tyd.

Gaan die Bybelkunde-student op soek na hulpmiddels in die voor=bereiding vir hierdie verantwoor=delikheid, vind hy min wat spesi=fiek met sy behoeftes in gedagte opgestel is. Hy ontdek dat die meeste tydskrifte òf te veel òf te min gespesialiseerd is. Te veel, omdat baie net tê tegnies en eksklusief vir die oningewyde is, maar ook te min, omdat weinig op 'n deurlopende basis die inte=grasie van Bybelse perspektiewe en ander fasette van die werklik=heid nastreef.

In hierdie omstandighede sou 'n gereelde vaktydskrif wat op mak=lik-toeganklike wyse sy lesers op die hoogte hou van die jongste verwikkelinge in die vak en dit in verband bring met die wêreld van die tegniek, ekonomie, kuns en kultuur, in 'n groot leemte kon voorsien. Trouens, as by=voorbeeld die Bybelkunde-student met drie jaar opleiding as ideale leser as mikpunt gestel word, sou in werklikheid 'n veel wyer spek=trum van potensiële lesers in die gesigsveld kom. Dit is immers nie slegs die student wat met die formele studie van Bybelkunde besig is wat met vrae worstel nie, maar in werklikheid elkeen wat vra na die relevansie van die Bybelse boodskap vir die konkrete lewensituasies waarin hy hom bevind. So 'n tydskrif sou dus in 'n verskeidenheid van behoeftes kon voorsien. Om 'n paar konkrete voorbeelde te noem:

* Vanweë die groeiende aantal navorsers op die terrein van Bybelkunde, het 'n toenemende

these are the students who will shape the understanding of a new generation and their usage of the Bible. They will play an impor=tant role in the activities of their local church. They, as mem=bers of our troubled society, will look along biblical lines for answers to the difficult problems that face us.

When our student starts preparing himself for these responsibilities, he finds very few tools which are designed with his specific needs in mind. For his purpose most journals are far too, or not suf=ficiently specialized. They are either too technical or exclusive for the general reader, or lack the integration of biblical per=spectives with the many facets of reality.

In view of this, a journal which keeps its readers informed of the latest developments in its field in a direct, easily accessible way, and at the same time relates these to the world of science, economy, art and culture, could fill an im=portant gap. If it is aimed at, say, the student with three years' training in Biblical Studies, it could in fact reach a much wider audience. It is not only the stu=dent engaged in formal study that wrestles with these problems, but indeed everyone who is looking for the relevance of the biblical mes=sage for the situations he faces from day to day. Such a journal could fulfill a variety of needs. To give a few concrete examples:

* Because of the growing number of researchers working in the field of Biblical Studies, there is an increasing need for opportunities to publish the results of this research, and for it to be evalua=ted by colleagues.

* Since Biblical Studies has been introduced as subject in the school curriculum, a considerable number of teachers have completed two or more courses in this sub=

behoefte aan publikasiegeleent=hede ontwikkel waar sodanige navorsing vir evaluering aan kollegas voorgelê en in 'n wyer kring bekendgestel kan word.

* Aangesien Bybelkunde 'n er=kende onderwysvak is en die getal onderwysers wat daarin opgelei word, steeds toeneem, bestaan daar 'n dringende be=hoefte aan professionele leiding en voortgesette weten=skaplike vorming op hierdie terrein. Tot dusver bestaan daar geen vaktydskrif om hier=die leemte te vul nie. Dit geld nie alleen die inhoud van die vak nie, maar ook die jong=ste ontwikkelinge op pedago=giese gebied.

* Derdens is daar by onderwysers en predikante wat met Skrifuit=leg gemoeid is, behoefte aan voorbeelde van proefeksegese van spesifieke Bybelgedeeltes, wat òf vir onderwysdoeleindes òf as voorbereidingsmateriaal vir die prediking of Bybelstudie gebruik kan word. Die gereelde publikasie van sodanige voor=beelde van Skrifuitleg sou kon meehelp om in hierdie behoefte te voorsien.

* Hoewel boekbesprekings in 'n verskeidenheid van teologiese vaktydskrifte voorkom, is daar geen tydskrif te lande wat gereelde literatuuroorsigte van die jongste publikasies op die terrein van Bybelkunde bied nie. Dikwels is die ak=sent op individuele publika=sies en nie op 'n literatuur=oorsig wat 'n geheelbeeld van 'n bepaalde onderafdeling van die vakterrein probeer bied nie. Dit is aan lg, wat as leesgids gebruik kan word, dat 'n wyd=gevoelde behoefte by studente, onderwysers, predikante en ander belangstellendes bestaan.

In die lig van hierdie behoeftes, het 'n aantal dosente wat by die onderrig van Bybelkunde betrokke

ject. There is an urgent need for professional guidance and in-service-training for these teachers - not only as far as the subject matter is concerned, but especially for information on new educational approaches and techniques.

* Ministers and teachers concerned with the interpretation of bibli=cal texts are often in need of expository articles, illustrative exegetical procedures and material suitable for use in preaching, Bible classes and similar activi=ties. The regular publication of examples of exegetical analyses could help to satisfy this need.

* Although review articles are a regular feature in most theologi=cal journals, very few if any specialize in Biblical Studies. Often the accent is on the review of individual books and not on providing an overall view of the available literature on a speci=fic subject or field. It would seem that reviews of the latter kind could render a service as a reading or buying guide to stu=dents, teachers, ministers and other readers interested in Bib=lical material.

With these needs in mind a group of lecturers involved in the teaching of Biblical Studies met in November 1978 in Stellenbosch to consider the possibility of publishing a journal along the lines indicated above. A steering committee was formed to prepare the way for experimental issues. Initially the Universities of Stellenbosch, Port Elizabeth, Wes=tern Cape and South Africa were involved, with the clear under=standing that the co-operation of the other universities would be sought. The reaction in this regard was encouraging and indica=tions are that the list of contri=butors will become more represen=tative in due course. The New Testament Society of South Africa

is, in November 1978 in Stellenbosch byeengekom om die moontlikheid van 'n tydskrif vir Bybelkunde te oorweeg. Daar is besluit om 'n loodskomitee te vorm om 'n proefloop van twee uitgawes voor te berei. Aanvanklik was die Universiteite van Stellenbosch, Port Elizabeth, Wes-Kaapland en Suid-Afrika verteenwoordig, met die uitdruklike doel om ook die ander universiteite daarby te betrek. Die reaksie in hierdie verband was tot dusver baie bemoedigend en die aanduiding is dat die medewerking binnekort uitgebrei sal kan word. Die Dogmatologiese en NT Werkgemeenskappe van SA is ook op die hoogte gehou van hierdie verwikkelinge. As voorlopige redaksie is aangewys

P G R de Villiers (US)
J Kinghorn (US)
C J Lombard (UWK)
J C Malan (UWK)
J W V van Huyssteen (UPE) en
W S Vorster (Unisa) met
B C Lategan (US) as redakteur.

*Rubrieke*

Om in die (nogal uiteenlopende) behoeftes so goed as moontlik te voorsien, is besluit om elke uitgawe in bepaalde rubrieke te verdeel:

* Een of meer artikels van tegnieswetenskaplike aard as ope publikasiegeleentheid vir oorspronklike bydraes en selfstandige navorsing.

* Professionele leiding aan onderwysers wat met die onderrig van Bybelkunde en Bybelonderrig gemoeid is. Aspekte van sowel die inhoud as die metodiek van die vak sal behandel word, bv leerplanne, nuwere pedagogiese benaderinge, tegniese en bibliografiese hulpmiddels, ens.

* Die uitleg van geselekteerde Skrifgedeeltes ter illustrasie van bepaalde interpretasiemetodes en as voorbereiding vir die prediking, Bybelstudie of onderrigdoeleindes.

and its counterpart in Systematic Theology have been briefed from time to time about these developments. A provisional editorial committee was formed by

P G R de Villiers (US)
J Kinghorn (US)
C J Lombard (UWC)
J C Malan (UWC)
J W V van Huyssteen (UPE) and
W S Vorster (Unisa), with
B C Lategan (US) as editor.

*Lay-out*

To serve the diverse needs as well as possible, it was decided to divide every issue into various sections or topics, e g

* One or more articles of a more technical and scholarly nature, to provide publication opportunities for original contributions and independent research.

* Professional guidance for those teaching biblical subjects in schools or higher institutions. Attention will be given to both content and method, e g curricula, new educational developments, technical and bibliographical aids, etc.

* The exposition of selected biblical texts to illustrate specific methods of interpretation as an aid to preaching, Bible study or teaching requirements.

* Literatuuroorsigte van bepaalde onderafdelings van die vakge= bied om die leser op hoogte te hou van resente ontwikkelinge en om as lees- en koopgids te dien.

* Mededelings oor gebeure, per= soonlikhede, besoeke, geleent= hede en ander interessante ver= wikkelinge op die vakgebied.

*Tegniese uitgawes*

Naas gewone uitgawes wat normaal= weg bg rubrieke sal behels, sal van tyd tot tyd tegniese uitgawes verskyn wat meer vir die gespesi= aliseerde leser van belang sal wees. Die redaksie het op twee tipes uitgawes besluit in die oor= tuiging dat daardeur die belange van sowel die gespesialiseerde as die gewone leser die beste gedien sal word.

*Scriptura 2* wat in Augustus 1980 verskyn, sal so 'n tegniese uit= gawe wees met 'n bydrae van P J Maartens oor "Mark 2:18-22: an exercise in theoretically-founded exegesis".

*Intekening*

Intekening op *Scriptura* geskied teen R5,00 per eenheid van 3 uit= gawes. Los uitgawes is teen R2,50 verkrygbaar. Vir intekening kan die inskrywingsvorm op p 91 ge= bruik word.

*In hierdie uitgawe*

In hierdie eerste uitgawe bespreek H W Rossouw die kernvraag: Hoe moet 'n mens die Bybel lees? Op nie-vaktegniese wyse word 'n mens in die hermeneutiese problematiek ingelei - 'n vraagstelling wat so beslissend is vir die regte ver= staan van die Bybel. B C Lategan bespreek Brahms se keuse van teks= gedeeltes vir sy Deutsches Requiem, ter illustrasie van hoe voorbeelde uit die wêreld van kuns en kultuur

* Literature reviews of specific areas or subjects in the biblical field to keep readers informed of what becomes available on the market.

* News about events, personalities, visits, opportunities and other items of general interest.

*Technical editions*

Apart from regular issues which will usually comprise the above-mentioned sections, technical editions aimed at the more specialized reader will appear from time to time. It was felt that such a differentiation in editions would serve the in= terests of both the specialized and the more general reader best. *Scriptura 2* (to appear in August, 1980) will be the first of these technical editions, with a contri= bution by P J Maartens on "Mark 2: 18-22: An exercise in theoreti= cally-founded exegesis".

*Subscription*

Readers can subscribe to *Scriptura* for R5,00 per unit of 3 issues. Single copies are available at R2,50 each. A subscription form appears on p 91 and additional forms are available on request.

*In this issue*

In this first issue, H W Rossouw discusses a basic question: How must one read the Bible? In a non-technical way, he introduces the reader to the hermeneutical problem, which is so crucial for a correct understanding of Scrip= ture. B C Lategan looks at Brahms' selection of biblical texts for his Deutsches Requiem, to illustrate how examples from the world of music can be used in

gebruik kan word in die onderrig van die Bybel. As eksegetiese bydrae gee J A Du Rand 'n ana= lise van die besonder interessan= te episode van die voetwassing in Joh 13, met 'n uitwys van die teologiese implikasies van die gedeelte. In aansluiting hierby trek C W Burger homiletiese rig= lyne deur, hoewel sy bydrae heeltemal onafhanklik van Du Rand se artikel geskryf is. Lesers sal daarom sowel die oor= eenkomste as verskille tussen die twee benaderings interessant vind. Burger eindig met 'n praktiese voorstel van hoe hierdie gedeelte in 'n preek verwerk kan word. In die onderwysrubriek bespreek J H Botha die verhouding tussen Bybelonderrig en Bybelkunde, wat in 'n latere uitgawe deur 'n by= drae van H J S Stone opgevolg sal word. Ten slotte word re= sente Suid-Afrikaanse literatuur oor die kerk bekendgestel, met mededelings van W S Vorster oor die Instituut vir Teologiese Navorsing aan Unisa en van J W V van Huyssteen oor die Studiegroep Teologie van Oos-Kaapland.

the teaching of the Bible. J A Durand gives an exegetical analysis of the foot-washing episode in John 13, indicating its theolo= gical significance. Writing without prior knowledge of Du Rand's article, C W Burger draws homileti= cal guidelines from the same passage. Both the similarities and the dif= ferences between the two authors make interesting reading. In the section on educational matters, J H Botha discusses the relation= ship between Biblical Studies and Religious Instruction - a topic that will be pursued further by H J S Stone in a later issue. Finally, recent South African literature on the church is re= viewed, with information by W S Vorster on the Institute for Theo= logical Research at Unisa and by J W V van Huyssteen on a workshop for the study of theology which has been formed in the Eastern Cape.

*Bydraes en reaksies*

Bydraes vir die tydskrif en reaksies op gepubliseerde artikels word verwelkom. Reaksies kan ǒf aan die redaksie ǒf direk aan die betrokke skrywer gestuur word. Alle korrespondensie rakende *Scriptura* moet gerig word aan:

Die Redakteur
*Scriptura*
Departement Bybelkunde
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH
7600

*Contributions and responses*

Contributions to the journal and responses to material published, are invited. Responses can be sent either directly to the author or to *Scriptura* at the following address:

The Editor
*Scriptura*
Department of Biblical Studies
University of Stellenbosch
STELLENBOSCH
7600